NG Gemeente Lyttelton-Oos

Begelei mense tot 'n lewe in oorvloed

www.lytteltonoos.org.za | **Sondag 19 Maart 2006** | **Wat is 'n lewe in oorvloed?**

ONS GEMEENTE SE DROOM - KLIK HIER

NEEM KENNIS VAN DIE VOLGENDE BELANGRIKE SAKE / INLIGTING

AKSIE TWEE +
Volgende byeenkoms 26 Maart om 12:00
Harmonie in die Huwelik

ADORAMUS
Aanbiddingsdiens. Volgende geleentheid 26 April om 20:00

MOSAÏEK
Elke Sondagaand om 19:00. Geen byeenkoms eerskomende Sondag (19 Maart) nie.

DIAKONIEVERGADERING
Alle diakens vergader om 19:00 22 Maart in die gemeentesentrum

KINDEREREDIENSTE
Elke Sondag om 09:00 behalwe lang naweke en skoolvakansies

BLOKBYEENKOMSTE
Blok een: So 14 Mei; Blok 2: So 21 Mei; Blok 3: So 4 Junie; Blok 4: So 11 Junie

GEBEDSBEDIENING
Elke Sondag om 09:00 in gebedskamer. Kontak Hannelie du Preez by 082 908 3992

MOSAÏEK

"Mo-sa-ïek' (-e) Mengeling van uiteenlopende bestanddele..."

'n Geleentheid vir lofprysing
'n Geleentheid vir nadenke oor die lewe
'n Geleentheid vir saam-wees

Sondae om 19:00 in die kerkgebou
(Uitgesluit langnaweke en skoolvakansies)

SLEGS EEN DIENS SONDAG OM 09:00

TEMA: *VERTROU OP GOD SE SORG*

Ons is deel van God se huisgesin (Ef 2:19). Dit beteken dat ons mekaar se broers en susters is. Dit beteken óók dat ons 'n Vader het wat vir ons omgee, wat vir ons lief is en wat vir ons sorg. En *dit* bevry ons van bekommernis! Wanneer ons vry is van bekommernis stel dit 'n groot hoeveelheid energie beskikbaar wat ons kan gebruik om werklik te *lewe - in oorvloed!*

LEWE IN OORVLOED

Ons is nie gemaak om saai, betekenislose lewens te lei nie. Jesus het gekom om vir ons die lewe te gee, en dit in oorvloed. Dit beteken 'n lewe vol liefde, vreugde en vrede - alles wat die lewe die moeite werd maak. Baie mense mis dit - hulle mis die doel van hulle lewe. Moenie dat dit met jou gebeur nie!

'n Lewe in Oorvloed vloei natuurlik voort uit drie kern-verhoudings:

- **Ons verhouding met ons Hemelse Vader, sy Seun en Gees**
- **Ons verhouding met die mense naaste aan ons, ons gesin, ons Vader se ander kinders.**
- **Ons verhouding met mense wat vêr van God lewe, wat in nood is, wat buite die dampkring van God se liefde lewe.**

Lyttelton-Oos Gemeente gaan hier-die jaar tydens drie 40 dae fokus-tye aan hierdie drie verhoudings aandag gee.

OorblywendeTemas

Week 3 : Sondag 19 Maart Vertrou op God se sorg [Gemeenskap - Die konteks]

Week 4 : Sondag 26 Maart Laat God jou verander [Groei - Die potensiaal]

Week 5 : Sondag 2 April Verdiep jou verhouding met God [Gebed - Die kern]

Week 6 : Sondag 9 April Verbind jou aan God se droom [Gehoorsaamheid - Die doel]

Afsluiting: Sondag 16 April Vier jou verhouding met God

GROOT LYDENSWEEK

Ons 40-dae fokus tyd word afgesluit met die Groot Lydensweek. Gedurende hierdie week loop ons die Via Dolorosa (lydenspad) agter Jesus aan. Ons beleef saam met Hom wat hy beleef het, ons word as't ware saam met Hom gekruisig, saam met Hom begrawe, sodat ons weer saam met Hom kan opstaan en 'n nuwe lewe kan lei. Dis 'n tyd van toewyding en geestelike hernuwing.

PROGRAM:

9 April om 09:00 - Diens van Palms
10 April om 19:00 - Lydensdiens
11 April om 19:00 - Lydensdiens
12 April om 19:00 - Lydensdiens
13 April om 19:00 - Nagmaal
14 April om 09:00 - Goeie Vrydagdiens
15 April om 22:30 - Paaswaak
16 April om 09:00 - Opstandingsdiens

Kaart na kerkterein | **Laai boodskappe af**

DIAKONIEVERGADERING

WOENSDAGAAND
22 MAART
19:00

Aksie Twee+

'n Bediening gefokus op jonggetroudes en gesinne met jong kinders

Byeenkomsdatums:

26 Maart 2006

Spreker: Ds Abel Pienaar (Huweliksberader)

Tema: Harmonie in die huwelik

23 April 2006

Spreker en tema sal bevestig word

21 Mei 2006

Spreker: Johan Herholdt

Tema: Jou persoonlikheid en jou verhoudings.

Elke byeenkoms word afgesluit met 'n lekker saam-kuier bring-en-braai - eie drinkgoed, vleis en eetgerei.

GEBEDSBEDIENING

Indien u wil help om 'n omvattende gebedsbediening in die gemeente te vestig, skakel Hannelie du Preez (082-908-3992)

Kry M.E.E.R. uit die lewe!

Motivering, Energie, Entoesiasme, Rekreasie

Geleenthede om 'n verskil te maak

Ouderling / Diaken
Bou 'n verhouding met 'n paar huisgesinne en gee vir hulle om.
1 uur per week

Inligtingstafel
Wees deel van 'n span wat mekaar afwissel by 'n weeklikse inligtingstafel tussen die twee eredienste. Gee inligting oor die gemeente se aktiwiteite aan lidmate en belangstellendes en help nuwe en voornemende lidmate.
1 uur per week / maand

Nuwe Intrekkerbediening
Help almal (nie net NG mense nie) wat nuut intrek in ons gemeenskap om welkom en tuis te voel deur inligting oor hulpbronne in die gemeenskap (dokters, apteke, winkels ens.) deur te gee.
2 ure per maand

Aksie Twee +
Dit is 'n aksie wat gemik is op gesinne met geen of jong kinders (voorskools of op laerskool).
Reël huwelik- en ouerseminare en sprekers oor relevante onderwerpe ens. Help om hierdie aksie op die been te bring.

Klub Immergroen
Besoek en bedien op 'n gereelde basis ons senior lidmate / help met die reël van oggendtees en 'n kersete. Kontak Gerty Basson by 664-2433.

Kleingroepe
Voel jy geroepe om te begin met 'n kleingroep (nie noodwendig net vir lidmate nie)? Stuur onmiddelik 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

Tienierbediening - Mentor
Bou 'n verhouding met 'n groep tieners en help om die Here beter te ken, die lewe beter te verstaan en tuis te voel in die gemeente.
2 ure per week

Kinderkerk
Help met die aanbieding van die kinderkerk elke Sondag vir die kleuters / Gr 1-3 / Gr 4-6.
2 ure per week

Helpmekaar Bediening
Help om 'n bediening te bou waar lidmate hulle gawes / talente en vermoëns vir mekaar beskikbaar stel.
2 ure per week (aanvanklik totdat bediening op die been is.)

Aksie Een
Dit is 'n aksie wat gemik is op enkellopendes van enige ouderdom. Reël byeenkomste en seminare of kampe met sprekers oor relevante onderwerpe. Help om hierdie aksie op die been te bring.

Eredienswerkgroep
Help met die beplanning van ons eredienste deur navorsing, bespreking, ontwikkeling van visuele aanbiedings, kort dramsketse, die inwin van mense se stories (getuienisse), sang en musiek. Hierdie groep kom gereeld elke Donderdagaand om 20:30 by Krugerlaan 105 bymekaar op 'n vrywillige en spontane basis. Die groep is nie geslote nie. Enigeen wat insette wil lewer is welkom.

Indien jy op een of meer van die maniere hierbo genoem 'n verskil wil maak, stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

Inligting oor ander bedieninge is ***hier*** te vind

BELANGRIKE DATUMS - SLEEP JOU DAGBOEK NADER

22 Maart
19:00 Diakonievergadering
19 Maart
19:00 Kommissie vir Administrasie en Finansies vergadering
29 Maart
19:00 KAF vergadering
9 April
Groot Lydensweek begin
10 April - 12 April
Eredienste om 19:00
13 April
Nagmaal om 19:00

Volledige program hier

15 April
22:30 Aflegging belydenis van geloof
19 April
19:00 Kerkraadsvergadering
22 April
10:00 Klub Immergroen
26 April
20:00 Adoramus
3 April
19:00 Bedieningskommissie-vergadering
9 Augustus
PARKNAVAL

Het u dalk hulp nodig? Ons help graag waar ons kan. Klik op die pyltjie om sien waarmee ons ons kan help

Dink 'n bietjie hieroor...

"When you're finished changing, you're finished." - Benjamin Franklin

The first sight of maturity is the discovery that the volume knob also turns to the left. - Chicago Tribune

Don't confuse having a career with having a life. They are not the same. - Anonymous

Lean too much upon the approval of people, and it becomes a bed of thorns. - Tehyi Hsieh (b. 1884) Educator and writer

Bron: http://www.witandwisdom.org

Why God made moms" answers given by 2nd grade school children to the following questions.

Why did God make mothers?
1. She's the only one who knows where the scotch tape is.
2. Mostly to clean the house.
3. To help us out of there when we were getting born.

How did God make mothers?
1. He used dirt, just like for the rest of us.
2. Magic plus super powers and a lot of stirring.
3. God made my Mom just the same like he made me. He Just used bigger parts.

What ingredients are mothers made of?
1. God makes mothers out of clouds and angel hair and everything nice in the world and one dab of mean.
2. They had to get their start from men's bones. Then they mostly use string, I think.

Why did God give you your mother and not some other mom?
1. We're related.
2. God k new she likes me a lot more than other people's moms like me.

What kind of little girl was your mom?
1. My mom has always been my mom and none of that other stuff.
2. I don't know because I wasn't there, but my guess would be pretty bossy.
3. They say she used to be nice.

What did mom need to know about dad before she married him?
1. His last name.
2. She had to know his background. Like is he a crook? Does he get drunk on beer?
3. Does he make at least $800 a year? Did he say NO to drugs and YES to chores?

Why did your Mom marry your dad?
1. My dad makes the best spaghetti in the world. And my Mom eats a lot.
2. She got too old to do anything else with him.
3. My grandma says that Mom didn't have her thinking cap on.

Who's the boss at your house?
1. Mom doesn't want to be boss, but she has to because dad's such a goof ball.
2. Mom. You can tell by room inspection. She sees the stuff under the bed.
3. I guess Mom is, but only because she has a lot more to do than dad.

What's the difference between moms and dads?
1. Moms work at work and work at home, & dads just go to work at work.
2. Moms know how to talk to teachers without scaring them.
3. Dads are taller & stronger, but moms have all the real power 'cause that's who you got to ask if you want to sleep over at your friend's.
4. Moms have magic, they make you feel better without medicine.

What does your Mom do in her spare time?
1. Mothers don't do spare time.
2. To hear her tell it, she pays bills all day long.

What would it take to make your Mom perfect?
1. On the inside she's already perfect. Outside, I think some kind of plastic surgery.
2. Diet. You know, her hair. I'd diet, maybe blue.

If you could change one thing about your Mom, what would it be?
1. She has this weird thing about me keeping my room clean. I'd get rid of that.
2. I'd make my Mom smarter. Then she would know it was my sister who did it and not me.
3. I would like for her to get rid of those invisible eyes on her back of her head.

Bron: http://www.witandwisdom.org

INLIG-AKTUEEL
Saamgestel deur ABID

Een van die dienste wat ABID (Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk) lewer is om weekliks al die berigte wat in die pers verskyn oor geloofsake te versamel en deur middel van e-pos uit te stuur aan almal wat belang stel. Hieronder is hierdie week se versameling. (Indien u wil inteken op die diens stuur 'n e-pos aan ngkinlig@mweb.co.za)

ABID se stukke is ongelukkig nie betyds ontvang nie - hier is 'n seleksie van berigte, briewe en artikels wat in die pers verkyn het

NG Kerk lig betig ná bohaai oor Polisiekarre (Die Burger 16 Maart 2006) ***Neels Jackson***

PRETORIA. Dreigemente, onbeheerste woede en verwerping is nié die manier waarop lidmate en leraars van die NG Kerk teenoor die rockgroep Fokofpolisiekar behoort op te tree nie.
Dít is die boodskap van dr. Kobus Gerber, algemene sekretaris van dié kerk, in 'n verklaring waarin hy lidmate en kerkleiers versoek om "in die gees van die Evangelie van Jesus Christus hierdie saak (en soortgelykes) met die grootste omsigtigheid te hanteer".
Dié versoek kom nadat kerke en ander plaaslike groepe op Oudtshoorn kapsie gemaak het teen uitsprake soos "Fk God" deur die groep en 'n veldtog begin het om te probeer keer dat hulle by die Absa KKNK optree.
Gerber skryf dat dit aan die een kant vir die kerk " 'n matelose hartseer saak" is dat dié groep, van wie party in NG huise grootgeword het "en dus ons kinders is", hulself op so 'n ekstreme manier uitdruk in hul kritiek en sinisme teenoor God en die kerk.
"Ons ontken nie hul reg op vryheid van spraak nie, maar meen dat hulle moet verstaan dat die Grondwet landsburgers verplig om die sentimente van geloofsgemeenskappe in alle opsigte te respekteer. Ons het begrip vir die optrede van die plaaslike gemeentes in Oudtshoorn wat die groep se uitsprake as haatspraak verstaan.
"Aan die ander kant is dit ons as Christene se roeping om in ons optrede en kritiek gelei te word deur dié waardes wat vir ons die heel belangrikste is.
"Natuurlik staan die eer van God vir ons voorop en verdien Sy heiligheid die respek van ons almal. Soos ons dit verstaan word die eer van God die beste gedien waar ons ons liefde, genade, barmhartigheid en deernis aan almal bewys (selfs ons vyande sien Jesus se uitsprake in die Bergpredikasie)."
Gerber spreek die vertroue uit dat die saak met verantwoordelikheid en integriteit plaaslik opgelos sal word.
Intussen het die "Vrystaatse Christene" ook 'n kwaai brief aan die organiseerders van die KKNK gestuur waarin hulle dreig om die fees te boikot indien die Polisiekarre wel hier sou optree, berig Jackie Kruger.
"Die mag en die besluit oor wie mag optree lê in die hande van die KKNK-organiseerders. Die mag oor wie die KKNK bywoon lê in die hande van die publiek," lui die groep se brief.
Die "Vrystaatse Christene" skryf hulle "sal sorg" dat Vrystaatse Christene "nooit weer" die KKNK bywoon nie indien "alle godslasterlike optredes" hier nie gestop word nie.
"Die keuse is eenvoudig 'n klein groepie wat godslasterlik optree of die Christen-publiek wat Oudtshoorn, die KKNK, sy gemeenskap en ekonomie getrou in die verlede ondersteun het, maar nie hierdie tipe van godslasterlikheid sal duld nie," word daar voorts geskryf.
Die Polisiekarre is deur die KKNK genooi om op die konsert Kaktus oppi Vlaktes op te tree.
Hul optrede is vir laaste beplan ná die sterk weerstand.

Die Karre is die beste (Brief - Die Burger 16 Maart 2006)

DIE onlangse gebeure rondom die Polisiekarre het betrekking. Neels Jackson se skrywe "Maak vriende met die Polisiekarre" (DB, 9/3) verdien vermelding.
Ek dink dit is absoluut verregaande van die KKG (DB, 10/3) om te probeer keer dat die Polisiekarre by die Absa KKNK optree. Hierdie groep was verlede jaar die grootste aantrekkingskrag by die fees. By al hul optredes was daar te min plek vir al die mense, oud en jonk, wat hulle wou sien. Ek was by almal, so ek weet presies hoe dit was. Vir diegene wat so gal braak oor die slegte invloed wat dié orkes op die jeug het: Jou tiener het al lank voor die bestaan van FPK gerook, gedrink, dwelms gebruik en onsedelik gelewe. Moet asseblief nie nou die skuld daarvoor op FPK pak nie. Kyk na jouself en watter voorbeeld jy vir jou kind stel!
Op 9 Maart het Johann Botha op RSG lede van FPK in die ateljee gehad vir 'n onderhoud. Past. Kobus van Zyl, sy groep predikante en Christene van Oudtshoorn het beslis nie die onderhoud gevolg nie, want dan sou hulle weet dat Wynand Myburgh gesê het hy is jammer oor wat gebeur het. Dit was ook heel insiggewend om te hoor hoe lede van die groep oor dié kwessie en sommer in die algemeen oor dinge voel. Ons hoor mos nooit hul kant van die saak nie. Dis altyd net negatiewe berigte. Ek voel dat die hele aangeleentheid uit verband geruk en opgeblaas is.
Ek volg hierdie groep se loopbaan intensief sedert sy stigting en het van die begin af geweet - hier kom 'n ding!
Hierdie groep het 'n aanhang waarvan ander groepe net kan droom. Ek ken toevallig die lede van FPK en kan net sê dat al hierdie etikette wat om hul nek gehang word, onwaar is. Hulle is vyf aangename manne wat lekker gesels en kuier. Dit maak nie saak in watter tydgleuf FPK speel nie, ons, hul aanhangers, sal vir hulle wag en altyd daar vir hulle wees.
Die Polisiekarre was net op die verkeerde tyd (sesuur in die oggend, toe die voëltjies al fluit) op die verkeerde plek!
VANNIE KOELSTE TANNIE OPPIE FEES
Fraserburg

Christene brom oor Karre steeds kom (Die Burger 15 Maart 2006)
Jackie Kruger

OUDTSHOORN. Nóg 'n protesskrif wat 23 kerke, 7 skole en ander instansies soos die ACVV Oudtshoorn, ATKV Kannaland en die DA-koukus hier onderteken het, sê die "KKNK-direksie wil teen wil en dank 'n rockgroep op die gemeenskap van Oudtshoorn kom afdwing".
Beswaardes hier het wéér die KKNK-direksie gevra om die groep Fokofpolisiekar se uitnodiging na die Absa KKNK terug te trek. Hoewel die beswaardes vroeër geëis het dat die KKNK môre 'n finale besluit neem, sal hulle tot volgende Woensdag wag vir 'n KKNK-direksievergadering waar die kwessie bespreek word," het ds. Jan Marais van die NG kerk Oudtshoorn-Wes aan Die Burger gesê.
Die brief is vroeër vandeesweek aan me. Karen Meiring, besturende direkteur van die KKNK, en dr. Steve Booysen, die groep- uitvoerende hoofbestuurder van Absa (die KKNK se hoofborg), afgelewer.
Die Polisiekarre is deur die KKNK genooi om op Kaktus oppi Vlaktes op te tree. Hul optrede is vir laaste beplan ná sterk weerstand.
"Ons het met uiterste teleurstelling gelees dat u volstaan met u besluit om nie die groep se optrede te kanselleer nie," lui die brief. Christen-Oudtshoorniete is ontsteld oor die woorde "F k God", wat Wynand Myburgh, baskitaarspeler, op 'n tiener se beursie geskryf het.
"Ons vra u (KKNK) om nou eenmaal te hoor dat ons as verteenwoordigers van verskillende belangegroepe uit die gemeenskap, nie die groep hier wil hier hê nie. "Ons is ongemaklik met die manier waarop die KKNK tans sy 'gasheer', die gemeenskap van Oudtshoorn, behandel," lui die protesskrif.
Die Burger het verneem dat inwoners dreig om die fees te "boikot" as die Polisiekarre Oudtshoorn toe kom.
Intussen het die besturende direkteur van die grootste Christelike platemaatskappy in die land hom gister

gedistansieer van enige veldtog om die rockgroep te boikot, berig Neels Jackson.
Mnr. Lukie Carelsen, besturende direkteur van Maranatha, het gesê hy keur geensins die Polisiekarre se optrede goed nie, maar hy dink nie Christene moet met 'n boikot reageer nie, al weet hy hulle bedoel dit goed.
Die rocker Karen Zoid het aan Marelise Scheepers gesê dat sy 'n Christen is, maar ook in vryheid van spraak glo.
"Dis nice dat Christene in ons land die geloof kan dien. Dis nice dat vroue en hul regte erken word. Ek is 'n Christen en dit was nie vir my nice nie, maar dis net só hul reg om só te voel."
Koos van der Merwe, lid van die gospelgroep Prophet, het gevra watter idee skep dit van Christene en van God as die ouens geboikot word en gekeer word om te sing.

Karre: Nie-Christen dik vir skynheil (Brief in Beeld 16 Maart 2006 Mar 16 2006)

Met verwysing na André en Rachel se brief in Beeld, 16 Maart 2006:
Ek kan nie Christene se skynheiligheid met die Polisiekar-polemiek glo nie!
Christene wil Wynand Myburgh se stem smoor op grond daarvan dat wat hy op 'n aanhanger se beursie geskryf het, kwansuis 'n belediging vir hulle is!
Het iemand al daaraan gedink dat ek as nie-Christen aanstoot neem teen die vervloekende uitsprake van die geestelikes?
Van die preekstoel af word vernederende oordele gevel teen gays (wat as sodomiete beskryf word in die Bybel), ateïste (genoem Godloënaars), prostitute (genoem hoere), sogenaamde "fornikeerders", nie- Christene (insluitend Moslems, vredeliewende heidene, Jode, Hindoes, pasifistiese Boeddhiste, ens.).
Ek en baie ander nie-Christelike Afrikaners is gatvol daarvoor om konstant deur te loop onder die ver oordelings van Christene en dat ons vryheid van spraak ingeperk word omdat Christene aanstoot neem deur uitdrukkings van ons geloof (of ongeloof).
Dít terwyl hulle s'n heeltyd in ons keelgatte afgedruk word onder die dekmantel van "sendingwerk".
Aan Myburgh wil ek sê: moenie dat hulle ooit jou mond snoer nie, ou maat. Die stryd teen die juk van die "priesterklas" gaan swaar wees, maar ons sal uiteindelik ook hulle juk afgooi! En vir Absa en die KKNK sê ek: Hierdie is vir julle 'n toets van julle commitment tot vryheid van spraak. As julle Myburgh et al se monde snoer, is julle nie daartoe committed nie.
Dan roep ek alle nie-Christene op om die twee organisasies te boikot uit protes teen hierdie skending van ons gemeenskap se spraakvryheid.
Ku Klops, Pretoria

Van mens tot mens: Vals eenvoud bo komplekse moontlikhede (Rubriek in Beeld 14 Maart 2006)

Wilhelm Jordaan

Die trant van Francois Griebenouw se artikel (Beeld, 10 Maart) oor die ontstaan van die kosmos is dat mense - juis wanneer dit oor geloofsake gaan - geneig is om die eenvoud van vals teenstellings te verkies bo die kompleksiteit van onderling insluitende moontlikhede.
Volgens die artikel reken sommige die idee dat die kosmos op intelligente ontwerp (IO) dui, en dat God die Ontwerper daarvan is, is 'n vervanging van die evolusieteorie.
Evolusie word dus verwerp en IO is die geloofsversterkende antwoord.
Maar die artikel stel 'n denkskuif voor - by monde van Gideon Joubert, skrywer van die kosmosboek Die Groot Gedagte: Evolusie is deel van IO; een van die vele beginsels van die Ontwerper se skeppingswerk; met nog ander wat op ontdekking wag.
Die gemaklikheid van óf/óf- keuses word só vervang met die tergende kompleksiteit van en/en-opsies.
En/en-opsies help gelowiges om vals teenstellings ongedaan te maak.
Byvoorbeeld dié tussen die astrofisiese feite van ons bestaan en die spirituele (nie-letterlike) grondwaarhede van die Bybel - insluitende dié wat aangeteken staan in die apokriewe werke en in andersoortige godsdienste.
Die bedoeling van die skeppingsverhaal in die boek Genesis was byvoorbeeld om geloof in 'n Skepper te bevestig deur 'n storie wat uitdrukking gee aan die verstaansmoontlikhede van mense in 'n sekere tyd in die ge skiedenis. Hulle had nie die kennis om dit op 'n ander manier te sê nie.
Sulke stories word onder meer gekenmerk deur metafore en ryk simboliek wat iets probeer sê oor hoe God is; waarom Hy is; hoe ons verhouding met Hom moet wees; en hoe ons met mekaar moet omgaan. Dit bied spirituele voeding.
En vandag nog vertel ons ge lykluidende stories in romans, gedigte, films, dramas, preke, skilderye en liedere, om ons verlange na sin en betekenis en die geheim van God en ons te deurgrond.
Wetenskaplike kennis het die mens se verstaansmoontlikhede verbreed; 'n venster op die geheim geopen. Dit vervang nie die Bybelse storiewerklikheid nie, maar vertel 'n wetenskaplik geordende verhaal wat die vroeëre onvoltooide prentjies oor ons en die kosmos uitbrei tot 'n ontsagwekkende, maar steeds onvoltooide, panorama.
Daarom hoef jy nie die hedendaagse feite en teorieë oor die herkoms van die kosmos en die mens te verstaan as 'n ongelowige regstelling van "onjuiste Bybelse feite" nie, maar as 'n feite like demonstrasie van die geloof dat God se ontwerpersplan oral te "lees" is - ook in die gegewens wat gelei het tot die evolusieteorie.
Dié naasmekaarplasing van wetenskaplike relaas ter wille van weet en verstaan; en storievertelling ter wille van spirituele voeding, word versterk deur wetenskaplike bevindings wat sê die materiële werklikheid het inderdaad 'n spirituele dimensie.
Wat kan beteken: stories spreek net so helder as die suiwerste sterrewiskunde; en dat die teologie van ewigheid en die fisika van oneindigheid saam in die intelligente ontwerp van die Ontwerper geborge lê.
Met ons jubelend, denkend en navorsend daarin.

Godsdiens-aktueel: Fundamentalisme 'n belangrike krag (Rubriek in Beeld 27 Februarie 2006)

Pieter Craffert

Ek kan my indink dat mense ná 11 September sal sê dat ons nou almal weet wat godsdienstige fundamentalisme is. Maar dit sal 'n fout wees om dit te beperk tot fanatiese godsdiensaanhangers wat nie skroom om ander se lewens te neem onder die vaandel van godsdienstige oortuigings nie; hetsy as selfmoord-bomplanters of as moordenaars van aborsie-voorstanders.
As 'n vorm van godsdienstigheid is dit een van die belangrikste kragte en invloede in die moderne wêreld en nadenke daaroor is belangrik vir georganiseerde godsdiens en die hele samelewing.
Godsdienstige fundamentalisme kom veral voor in die drie monoteïstiese boek-godsdienste van die wêreld, Judaïsme, Christendom en Islam. Hoewel dit 'n komplekse groep verskynsels is, berus dit op 'n sekere soort denkwyse en lewensoriëntasie.
Die sentrale oortuiging is dat daar 'n stel heilige geskrifte is wat onfeilbaar is en wat volledige antwoorde verskaf op alle menslike probleme. Oplossings word met bewystekste uit dié geskrifte verskaf. Die skrywer Karen Armstrong sê dit word gekenmerk deur 'n afkeur aan demokrasie, pluralisme, godsdienstige verdraagsaamheid, vrye spraak en die skeiding tussen kerk en staat. Dié denkwyse is 'n reaksie teen die uitdagings van die moderne wêreld, teen die insigte van die wetenskappe en 'n weerstand teen 'n sekulêre kultuur en wil alle fasette van die lewe inrig aan die hand van godsdienstige oortuigings. Ten spyte van die aansprake dat dit 'n bewaring van die goeie uit die verlede is, is dit eerder 'n kreatiewe verwerking daarvan in die hede.
Fundamentalisme is vandag waarskynlik die grootste vyand van gesonde en georganiseerde godsdiens. Dit reduseer komplekse prosesse tot eenvoudige oplossings. Byvoorbeeld, sosiale veranderinge het gelei tot die ontstaan van nuwe geslagsrolle. Fundamentaliste skryf dit toe aan die bose aktiwiteite van feministe of ongehoorsaamheid aan ewige verordeninge en soek bewystekste om geslagsrolle vir vandag te beskryf.
Die grens tussen gesonde godsdiens en

fundamentalisme is vaag omdat laasgenoemde juis elemente uit die godsdiens fanaties en letterlik hanteer. Onder die dekmantel van vroomheid kan rassisme, seksisme, homofobie of ander kwetsende onderskeide, soos tussen rein en onrein of gelowig en ongelowig, maklik as aanvaarbaar opgedis word.

Hoewel die meeste godsdienste oorontwikkelde sensors het vir kritici van buite, het hulle meestal onderontwikkelde sensors om die fun damentalistiese agenda in eie geledere te identifiseer. Dit kan byvoorbeeld gesien word in die manier hoe Bybelse tekste gebruik word. Die uitgangspunt dat interpretasies van heilige boeke in ooreenstemming moet wees met die fundamen talistiese siening, is mos juis om te sê die geskrifte is onbetroubaar en kan nie toegelaat word om self te praat nie. Maar dit is juis dié siening wat almal dwing om tog maar te sê wat die voorskrifte van die tekste vir óns is. Maar om 'n teks se gesag te aanvaar, (om dit te respekteer), kan ook beteken om dit in eie reg te erken as gespreksgenoot wat 'n eie woord te spreek het en nie noodwendig vir ons hoef voor te skryf nie.

Soos die debat oor vroue in die amp en homoseksuele mense in die kerk wys, word selfs kreatiewe breingimnastiek toegepas sodat die bybelse tekste direk vir ons iets daaroor móét sê. Byvoorbeeld, dat homoseks deur heteroseksuele mans in Romeine 1 die eintlike sonde is.

Waarom dit nie ernstig opneem dat, net soos daardie wêreld geen menseregte geken het nie, in die patriargale kultuur van destyds, geen teks vroue as die gelyke van mans gesien het nie. Daarom kan hulle nie direkte riglyne bied oor moderne geslagsrolle nie.

Net so kan daardie tekste nie uitspraak lewer oor homoseksualiteit as seksuele oriëntasie nie, want seksuele aktiwiteite was in daardie wêreld gereguleer deur ander waardes. Maar dit neem nie weg dat ons daardie tekste ernstig kan neem vir wat hulle self wou sê nie.

Nadenke en gesprekke oor fundamentalisme is ewe belangrik vir die samelewing - soos gesien word in die reaksie van fundamentalistiese bewegings teen die moderne lewenstyl en ongebalanseerde magsverhoudinge in die wêreld. Godsdienstige selfmoord-bomplanters gaan nie verdwyn voordat hierdie probleme aangespreek word nie.

Pieter Craffert is 'n Nuwe Testamentikus aan Unisa.